


# Trusteeskap kan jou duur kos

**Is jy 'n trustee in iemand anders se trust? Loop lig, dit kan jou baie duur kos. 'n Boer in die omgewing van Luckhoff het onlangs tot sy verdriet uitgevind presies hoe duur. Vir hom, meer as R8 miljoen!**

Ek waarsku gereeld in hierdie rubriek teen die oppervlakkige gebruik van trusts en die risiko's van trustee-wees. Vandag wil ek graag stilstaan by 'n stelling wat ek gereeld van boere hoor: "Ag, nee wat, ek is net 'n trustee in naam."

Dit laat my dink aan daardie ander gunsteling-stelling: "Ag, nee wat, dis sommer net 'n boekinskrywing." En as die Inkomstediens jou aanslaan, dan weet jy nie waarom nie. Jy betaal maar en skel op ou Jan Taks dat die see hom nie kan afwas nie, pleks van op die slap ou wat sy gebrek aan vakkennis agter "boekinskrywings" wil probeer wegsteek.

Maar terug by die trustee. Daar is nie so 'n ding soos om net 'n "trustee in naam" te wees nie. En as enigeen jou anders vertel, lieg hy vir jou, of hyself weet nie waarvan hy praat nie. Daar rus pligte en verantwoordelikhede op trustees. Lees gerus weer my rubriek hieroor in *Landbouweekblad* van 4 Maart vanjaar.

In die geval van 'n boer van Luckhoff was hy betrokke as trustee by 'n trust van sy broer, en, soos hy in die Appèlhof aangevoer het, "net in naam". Hy het geen belang gehad in die trustbates of in die inkomste uit die trust nie.

Die trust is in 1996 deur die boer se broer opgerig. Die broer was die begunstigde en hoewel besluite deur meerderheidstem geneem moes word, moes die broer deel van die meerderheid wees. Hy het ook ander magte gehad, iets waarteen ek ook al meer kere gewaarsku het en wat ek meen nog menige boer en/of sy naasbestaandes in finansiële ellende gaan laat beland. Maar, soos genoem, die boer self had geen besluitnemingsmagte nie en kon op geen voordeel uit die trust aanspraak maak nie.

In November 2007 is die boer gevra om 'n leningsooreenkoms tussen Slipknot Investments en die trust te onderteken vir 'n bedrag van R6 miljoen en boonop teen 'n baie hoë rentekoers. Volgens die hofstukke het die boer by die bestuurder van Eerste Nasionale Bank op Luckhoff die dokumente gaan onderteken. Nie die boer óf die bankbestuurder óf enige van die twee getuies het die dokumente vooraf gelees nie. Hy het bloot geteken waar die ander trustees geteken het, is in die hof aangevoer.

Dit was vir die hof ook duidelik dat Slipknot nie enigeen probeer mislei het nie en die feit dat dit 'n borgskap vir 'n lening was, duidelik in die dokumente genoem is. Die hof het opgemerk dat selfs 'n oorsigtelike kykie na die dokumente sou die boer daarop moes gewys het dat hy 'n borgskap teken. Verder maak die hof die belangrike punt: "Die respondent was 'n trustee van die trust. Hy mag 'n boer wees, maar dit is van geen betekenis nie. Die respondent het sy eie trusts en bestuur hulle self. *Hy moes geweet het wat 'n trust is en wat die pligte en verantwoordelikhede van 'n trustee is.*" (My kursivering.)

**As trustee word van jou verwag om te weet wat jou pligte en verantwoordelikhede is.**

Geen verskoning nie. As trustee word van jou verwag om te weet wat jou pligte en verantwoordelikhede is. In dié geval was die boer 'n "trustee in naam". En hy gaan onderteken dokumente sonder om te lees, juis omdat hy net "in naam" 'n trustee is.

Die gevolg? Hy is gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik vir die betaling van R7 950 000 plus rente daarop teen 1,5% per week, daagliks saamgestel, vanaf 8 Mei 2008 tot die datum waarop dit betaal is. Lees dit gerus weer. Dit is 'n aaklige rentekoers. Effektief 118% per jaar, wat die onbetaalde balans op die R7 950 000 ná drie jaar (Mei 2008 tot Mei 2011) op meer as R82 miljoen te staan bring. Ek weet nie hoe lyk ál *Landbouweekblad*-lesers se bates nie, maar vir my lyk die bedrag baie na aan 'n skaflike boer se totale bates.

Ek dink eerlik darem nie hy gaan só baie hoef te betaal nie. Die *in duplum*-reël wat bepaal dat skuld nooit meer mag wees as dubbel die leningsbedrag nie, is onlangs deur die Appèlhof bevestig. Maar tog is hierdie bevel een van dié hof.

Hoe ook al, dit is 'n klomp skoolgeld om te betaal. Selfs net die bykans R8 miljoen nog voor enige rente bygevoeg is, is al genoeg vir die meeste mense om vandag gerieflik af te tree; of as jy dit skielik moet uithaal omdat jy nie die goeie, verantwoordelike raad in *Landbouweekblad* gevolg het nie, om jou bankrot te laat.

Loop liewer 'n wye draai om mense wat jou as trustee wil inspan in hul trusts net omdat daar 'n vereiste vir 'n derde en onafhanklike trustee is. Jy kán nie net in naam trustee wees nie. Jy dra die verpligtinge en verantwoordelikhede van daardie trust in dieselfde mate as die ander trustees, of anders gestel, die persoon wie se trust dit is.

Dink weer oor die appèlregter se woorde: "Hy moes geweet het wat 'n trust is en wat die pligte en verantwoordelikhede van 'n trustee is."

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy wat by die Finansiële Diensteraad gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkverskaffer verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.*

**Navrae:** *Mnr. Nico van Gijsen, tel. 021 461 2067 of faks 086 677 6314. E-pos:* ***nico@finlac.com***.